CHRISTELIK
CHRISTIAN

INCLUSIVE
INKLUSIEF

TOEGANKLIK
APPROACHABLE

BALANCE
BALANS

# Uit die Hoof se Kantoor

Beste Ouers

Dit is vir my 'n groot vreugde om julle almal by die begin van die tweede kwartaal hartlik terug te verwelkom. Ons is dankbaar dat die Here ons almal tydens die vakansie bewaar het, en dat ons veilig en verfris weer saam kan staan. Die opgewondenheid loop hoog by ons skool!

'n Groot hoogtepunt is dat ons nuwe astroveld nou voltooi is. Wat so lank 'n droom was, het uiteindelik 'n werklikheid geword – en daarmee breek nuwe geleenthede vir afrigting, samewerking en sportiewe ontwikkeling vir ons leerders aan. Dit is werklik die begin van 'n tyd van vernuwing en groei.

Die waarde van 'n nuwe begin lê daarin dat ons weer hoop kry, nuwe doelwitte stel, en geleenthede kry om te leer en te verbeter. 'n Nuwe begin gee ons die kans om foute reg te stel, karakter te bou en as skoolgemeenskap nader aan mekaar te groei.

'n Gepaste aanhaling wat ons hieraan herinner: "Kyk, Ek maak alle dinge nuut." (Openbaring 21:5)

Mag elke leerder wat hierdie nuwe seisoen aan hokkie en netbal deelneem, groot genot beleef. Ek glo van harte hul gaan met nog meer trots op die veld rond beweeg. Mag elkeen se deelname en ondersteuning die gees van ons skool verryk.

Kom ons werk saam om hierdie kwartaal iets besonders te maak.

Met vriendelike groete,

**NICO LOGGENBERG**
**SKOOLHOOF**




[Midstream Tydskrif Apr 2026](#)

**Elke oomblik is 'n nuwe begin.**

